

19 Maart 2020

Geagte Mnr / Me

**RE: DRINGENDE DIREKTIEF IN REAKSIE OP COVID 19**

Agri Wes-Kaap is welbewus van die risiko daaraan verbonde om die organisasie se werknemers, lede of kollegas bloot te stel aan die COVID 19 Korona-virus. Gedurende hierdie tydperk is dit belangrik vir georganiseerde landbou en die landbousektor in geheel om verantwoordelik op te tree ten einde die verspreiding van die koronavirus sover moontlik te bekamp.

Agri Wes-Kaap neem kennis van die volgende protokolle en direktiewe:

- Die direktief uitgereik deur die President van die Republiek van Suid-Afrika;
- Die Staatskoerant Nr. 43107, gepubliseer op 18 Maart 2020;
- Wet op Beroepgesondheid en Veiligheid (85 van 1993);
- Die direktiewe en riglyne uitgereik deur die Departement van Gesondheid;
- Die protokolle uitgereik deur die Nasionale Instituut van Oordraagbare Siektes; en
- Die protokolle uitgereik deur Agri SA.

Klem word geplaas op twee belangrike voorkomende gesondheidsmaatreëls om die verspreiding van die virus te bekamp, naamlik die handhawing van hoë vlakke van persoonlike higiëne en die handhawing van sosiale afstand.

Agri Wes-Kaap kanselleer hiermee alle nie-essensiële vergaderings en byeenkomste ten einde die blootstelling van personeel, lede en kollegas aan die Korona-virus te minimaliseer. Hierdie direktief geld vanaf 19 Maart 2020 tot 14 April 2020 of verdere kennisgewing.

Alle navrae rakende die inligting in hierdie direktief kan gerig word aan [ilana@awk.co.ca](mailto:ilana@awk.co.ca) / 021 860 3800.

Vriendelike groete

A handwritten signature in black ink, consisting of a stylized initial 'JS' followed by a long horizontal stroke.

Mnr Jannie Strydom

**Hoof Uitvoerende Beampte**